higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)
NKR VLAK 4

(4101064)

8 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 5 bylaes.

038Q2N2408

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKR VLAK 4
(Tweede vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord albei vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord vraag 2.1 en 2.2 **OF** vraag 3.1 en 3.2 in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die TWEE afdelings waaruit die vraestel bestaan is soos volg:

   AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE FUNKSIONELE TEKSTE [50]
   AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK [70]

6. Jy moet beplan, redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet voor die skryfstuk wees. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning sodra jy die finale weergawe oorgeskryf het.
7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.
8. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
9. Onthou om BYLAAG D saam met die ANTWOORDBOEK in te dien.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE TEKSTE

VRAAG 1

1.1 AANSOEKBRIEF



INTERNSKAPPROGRAM VIR JONGMENSE 2024-2025

Die munisipaliteit van die Wes-Kaap moedig afgestudeerde jongmense aan om aansoek te doen vir die *Premier Advancement of Youth (PAY)*-program.

Aansoeke is van Maandag, 4 November 2024 af beskikbaar en sluit Vrydag, 22 November 2024.

PAY is 'n 12-maande-internskapprogram wat afgestudeerde jongmense die geleentheid bied om werksondervinding binne die Wes-Kaapse munisipaliteit op te bou.

Die program verskaf aan afgestudeerde jongmense tussen die ouderdom van 20 en 26 die geleentheid om werksondervinding en ervaring binne een van die 13 WCG-departemente op te doen.

Dit is 'n eenjaar betaalde internskapgeleentheid. Suksesvolle kandidate sal 'n maandelikse markverwante salaris ontvang.

Hoe om aansoek te doen:
Die eerste stap is om die pos te identifiseer waarin jy belangstel om ondervinding op te doen.

POSTE BESKIKBAAR:
Bestuursassistent
Finansiële assistent
Klere-ontwerp
Toerisme-assistent
Gasvryheid-en-spysenieringsassistent
Regsassistent
Bouwerk/ingenieurs-assistent



Vereistes:
- Minimum van drie jaar kollege diploma of graad.
- Geen ondervinding is nodig nie.

Indien jy belangstel om deel te wees van ons dinamiese span, stuur asseblief jou aansoekbrief en volledige CV na:
Premier advancement of Youth-program, WCG-departement

[Verwerk uit: *Netwerk24,* Internskap beskikbaar, 30 September 2024]

Kopiereg voorbehou

SITUASIE

Op 30 September 2024 verskyn die bostaande advertensie op Netwerk24. Jy het jou studies voltooi en is dringend op soek na werk. Jy is bereid om vir enige werk aansoek te doen, solank jy ervaring kan opdoen en dit deel is van jou belangstellingsveld.

OPDRAG

Skryf 'n AANSOEKBRIEF (150 - 180 woorde) vir enige EEN van die poste wat in die advertensie geadverteer word. Stel dit duidelik vir watter pos jy aansoek doen. Verduidelik waarom jy vir hierdie pos wil aansoek doen en wat jou die ideale kandidaat vir hierdie pos maak. Beklemtoon jou kwalifikasies, vaardighede en beste karaktereienskappe. Stel jouself beskikbaar vir 'n onderhoud. Noem dat jy jou CV insluit. Skryf die aansoekbrief aan Mnr. C. Fry.

Maak gebruik van die riglyne vir die uitleg en formaat van 'n formele brief in BYLAAG A (aangeheg). Beantwoord hierdie vraag in jou ANTWOORDBOEK.

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
10	6	4

(20)

EN

1.2 **CURRICULUM VITAE (CV)**

SITUASIE

Wanneer jy aansoek doen vir 'n pos, moet jy 'n volledige CV by die aansoek insluit sodat die Wes-Kaapse munisipaliteit volledige, relevante inligting van jou as kandidaat kan hê.

Gebruik die situasie in VRAAG 1.1 as agtergrond in die beantwoording van hierdie vraag.

OPDRAG

Stel jou CV saam vir die pos waarvoor jy in VRAAG 1.1 aansoek gedoen het. Maak gebruik van die riglyne vir die uitleg en vereistes vir 'n volledige CV wat in BYLAAG B (aangeheg) is. Beantwoord hierdie vraag in jou ANTWOORDBOEK.

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
24	3	3

(30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling. Elke vraag bestaan uit TWEE dele.

VRAAG 2

2.1 BRIEF AAN DIE PERS

Lees die onderstaande koerantartikel sorgvuldig deur.

Ma verkoop haar meubels om seun se dokter-droom te bewaarheid

Jy kan 'n boek skryf oor die hartverskeurende struikelblokke wat Keaton Harris moes oorkom om te kom waar hy vandag is – deur cum laude te gradueer as mediese dokter aan die Universiteit Stellenbosch (US). Die seuntjie wat in 'n enkelouerhuishouding grootgeword het, terwyl hy en sy ma so gesukkel het dat hy nog die week onthou toe hulle op net 'n pakkie NikNaks oorleef het, het net een droom gehad: om 'n dokter te word.

'n Beurs om by Hoërskool Kampsbaai skool te gaan, het Harris in staat gestel om uitstekende matriekpunte te behaal, maar aanvanklik het hy nie by enige universiteit keuring vir medies gekry nie.
Harris het besluit om 'n ander roete te volg om sy droom te verwesenlik en het sy Baccalaureusgraad in Aptekerswese aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) voltooi.

Sy ma, Charlotte, wat jare lank as skoonheidsterapeut gewerk het, moes al hulle meubels verkoop om haar seun se registrasiegeld by die UWK te kan betaal. Harris was diep geraak deur sy ma se opofferings en het besluit om elke oomblik wat hy nie slaap nie, so hard as moontlik te studeer. Hy het nooit 'n klas misgeloop nie en baie ure wat sy studente maats geslaap het, agter die boeke spandeer. Nadat hy hierdie graad voltooi het, het hy keuring vir medies aan die Universiteit van Stellenbosch gekry.

[Verwerk uit: *Rapport*, 20 Julie 2024]

SITUASIE

Hierdie koerantartikel laat jou besef dat menige ouers, ten spyte van baie uitdagings, vasberade is om hulle kinders te ondersteun om 'n sukses van hulle lewens te maak. Die jeug besef nie altyd al die opofferings wat hulle ouers maak nie. Jy wil die publiek bewus maak van al hierdie opofferings en wil probleme van ouers en studente aan hulle uitwys. Jy voel ook dat die gemeenskap meer kan doen om ouers van studente te ondersteun.

OPDRAG

Skryf 'n brief (150–180 woorde) aan die plaaslike koerant waarin jy duidelik stel hoe jy oor hierdie saak voel.

Volg die onderstaande riglyne:

- Begin met 'n inleidingspararaaf. Verwys na die artikel.
- Verduidelik jou gevoel oor die saak, wat jy wil bereik met die brief, jou opinie oor die onbetrokkenheid en algemene siening van die publiek hieroor.
- Gee minstens TWEE voorbeelde van soortgelyke ervarings/probleme wat ouers daagliks ondervind.
- Verskaf TWEE moontlike oplossings vir probleme wat ouers ondervind en verduidelik hoe jy dink die publiek meer bewus gemaak kan word van ouers en studente se situasies.
- Gee TWEE praktiese voorbeelde van maniere waarop die gemeenskap ouers met kinders wat studeer kan ondersteun.
- Slotparagraaf wat brief saambind.

Onthou, in hierdie brief gee jy slegs jou mening om die publiek bewus te maak van die probleem. Die redakteur kan nie die probleem oplos nie. Gebruik die riglyne vir die uitleg van 'n brief aan die pers in BYLAAG C (aangeheg).

Beantwoord hierdie vraag in jou ANTWOORDBOEK.

ASSESSERINGSKAAL:

Inhoud	Taal en styl	Formaat
18	8	4

(30)

EN

2.2 **BEREDENEERDE VERSLAG**

SCENARIO

Jy is die voorsitter van die akademiese komitee van jou kollege. Na aanleiding van die scenario in VRAAG 2.1 het die hoof van jou kollege die akademiese komitee versoek om die omstandighede van ouers wat sukkel om hul kinders te laat studeer te ondersoek. Jy wil graag ouers ondersteun om die geleentheid aan hul kinders te bied om tersiêre opleiding te kry en ondersoek die saak deeglik.

Jy ondersoek die moontlikheid of dit ‘n goeie idee is as studente DEELTYDS werk om ouers finansieel te help óf nie. Jy fokus ook op maniere hoe ouers, voornemende werkgewers en die kollege werkende studente kan ondersteun. Jy verkry inligting oor hul strategieë om uitdagings die hoof te bied en ondersoek voorstelle vir moontlike oplossings vir die uitdagings wat hulle daagliks beleef.

OPDRAG

Skryf 'n VERSLAG (250–350 woorde) op die memorandum in BYLAAG D. (aangeheg) in die ANTWOORDBLAD. Skryf jou EKSAMENNOMMER bo-aan elke bladsy en dien dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

- Begin met die agtergrond waarin jy beskryf hoe jy bewus geword het van die kwessie. Verwys na die doel van jou verslag, uitdagings, wie het die verslag geskryf.
- Verwys na die vele uitdagings en NADELE wat studente ervaar indien hulle deeltyds werk wat uit jou ondersoek spruit. Verwys ook na die VOORDELE indien studente deeltyds werk.
- Maak DRIE moontlike voorstelle hoe ouers hierdie uitdagings van werkende studente kan hanteer om hulle sodoende te ondersteun.
- Doen DRIE aanbevelings hoe voornemende werkgewers studente kan ondersteun.
- Noem DRIE maniere hoe die akademiese komitee saam met die lektore werkende studente kan help om deeltydse werk en studies suksesvol te hanteer.
- Jou verslag moet met 'n gevolgtrekking afgesluit word: Is dit ‘n goeie idee vir studente om deeltyds te werk, óf nie? MOTIVEER jou keuse

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
30	7	3

(40)
[70]

OF

VRAAG 3

3.1 RESENSIE

SITUASIE

Jy is 'n skrywer vir julle dorp se nuusbrief. Julle probeer om die nuusbrief interessant te hou sodat die inwoners die nuusbrief sal lees.

Almal in jou gemeenskap weet dat jy graag goeie kwaliteit en opbouende TV-reekse kyk en dat jy altyd bereid is om jou eerlike opinie daaroor te deel.

Jy word gevra om ‘n goeie televisie-reeks met ‘n POSITIEWE tema te resenseer.

OPDRAG

Skryf 'n RESENSIE (120–180 woorde) vir die dorp se nuusbrief oor ‘n TV-reeks wat jy onlangs gekyk het. Probeer die lesers oortuig óf afraai om die reeks te kyk.

- Begin met 'n kreatiewe opskrif wat die titel van die reeks insluit.
- Waar kan die reeks gekyk word?
- Gee ‘n kort inleiding waar jy die leser aanmoedig/afraai om die reeks te kyk. Noem ook wie die teikengroep van die reeks is.
- Verwys kortliks na die tema, waar dit afspeel en storielyn van die reeks.
- Verwys na die inhoud en karakters van die reeks: Is dit uniek, vervelig, swak of gemiddeld en motiveer jou stelling.
- Vergelyk met soortgelyke reekse: Sê hoekom hierdie reeks volgens jou beter of slegter is as ander soortgelyk reekse.
- Maak ‘n aanbeveling: Moedig die dorp se inwoners aan om hierdie reeks te kyk óf waarsku hulle om dit nie te kyk nie.

Beantwoord hierdie vraag in jou ANTWOORDBOEK.

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
18	8	4

(30)

EN

3.2 **ARTIKEL VIR NUUSBLAD**

SCENARIO

Julle kollege is aangewys as een van die beste kolleges in die land, tog is verskeie studente bekommerd oor hul toekoms, aangesien werkloosheid in Suid-Afrika baie hoog is, en dit sluit jong afgestudeerde studente in.

Jy besluit om 'n artikel vir die kollege se nuusblad te skryf waarin jy studente moed in praat en wenke gee in die werk soek proses ná afloop van hul studies.

OPDRAG

Skryf 'n artikel vir die nuusblad (250–350 woorde) waarin jy studente moed in praat en opsies ná afloop van hul studies bespreek.

- Begin met 'n effektiewe inleiding.
- Verduidelik waarom studente nie moed moet verloor nie en beklemtoon die belang van goeie keuses. Meld plekke/bronne waar om werk te soek. Waarde van verdere opleiding word bespreek.
- Bespreek die belang van selfkennis ten opsigte van persoonlike waardes, en goeie werksetiek. Noem die belang en waarde van ‘n goeie CV.
- Bespreek kortliks DRIE wenke hoe ‘n student tydens ‘n onderhoud moet optree om ‘n goeie indruk te maak.
- Bespreek die waarde van skadudiens, vakleerlingskappe / indiensopleiding asook vrywillige werk, met of sonder vergoeding. Gee ook jou opinie oor wat die kollege moet doen om studente voor te berei op die lewe ná kollege.
- Effektiewe en motiverende slot wat die artikel saambind.

ASSESSERINGSKAAL:

Inhoud	Taal en styl	Formaat
30	7	3

(40)
[70]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou

BYLAAG A: UITLEG VAN 'N AANSOEKBRIEF

Sender se adres
Dorp/Stad
Poskode

xxxxxxx
Datum **OF** Datum
xxxxxxx
Ontvanger se adres
Dorp/Stad
Poskode
xxxxxxx
Aanhef
xxxxxxx
INHOUDSOPSKRIF
xxxxxxx
Inleiding
xxxxxxx
Liggaam
xxxxxxx
Slot
xxxxxxx
Groet

Handtekening
NAAM/VOORLETTERS EN VAN

Kopiereg voorbehou

BYLAAG B: UITLEG VAN 'N CURRICULUM VITAE (CV)

OPSKRIF (X)

PERSOONLIKE BESONDERHEDE: (X)

Lys persoonlike besonderhede in blokvorm.

OPLEIDING/KWALIFIKASIES: (X)

Lys kwalifikasies in blokvorm – begin met die mees onlangse kwalifikasie.

ERVARING: (X)

Lys toepaslike ervaring in blokvorm – begin met die mees onlangse ervaring en lys wat dit behels, waar dit gedoen is, wanneer en wie in beheer was.

GETUIGSKRIFTE: (X)

Lys getuigskrifte wat aangeheg word – verwys na wie die getuigskrif geskryf het.

VERWYSINGS: (X)

Lys minstens TWEE kontakbare verwysings met alle nodige kontakbesonderhede.

VERKLARING: (X)

Verklaar dat die inligting op die CV na die beste van jou wete korrek en volledig is.

Teken en skryf die datum.

OF

Kopiereg voorbehou

BYLAAG C: UITLEG VAN 'N BRIEF AAN DIE PERS

Sender se adres
Dorp/Stad
Poskode

xxxxxxx
Datum Datum
xxxxxxx
Ontvanger se adres
Dorp/Stad
Poskode
xxxxxxx
Aanhef
xxxxxxx
INHOUDSOPSKRIF
xxxxxxx
Inleiding
xxxxxxx
Liggaam
xxxxxxx
Slot
xxxxxxx
Groet

Handtekening
NAAM/VOORLETTERS EN VAN

Volg dieselfde uitleg as vir 'n formele brief, maar jy mag 'n skuilnaam in plaas van jou eie naam gebruik. Die afsluiting van die brief is dan soos volg:

SKUILNAAM

Handtekening
NAAM/VOORLETTERS EN VAN

Kopiereg voorbehou

BYLAAG D

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

MEMORANDUM

AAN: _____

VAN: _____

DATUM: _____

ONDERWERP: _____

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

Onthou om hierdie bylae saam met die ANTWOORDBOEK in te dien.

Kopiereg voorbehou